

Hoor God se stem

God praat op baie maniere met die mens. Hy praat nie net deur sy Woord nie. Hy praat ook deur dinge wat op die wêreldtoneel gebeur; deur dinge wat in jou eie lewe gebeur.

Hoor as God praat. Hoor as God jou terugroep van jou verkeerde weë. Want dit gebeur met elkeen van ons dat ons deur ons sondes wegbeweeg van God af. In sy groot genade het God na ons toe gekom en Hom in 'n wonderlike intieme verhouding tot ons gestel – dié van 'n vader tot sy kind. Daarom mag God nooit vir ons ver wees nie. Die band met God moet sterk wees en altyd inniger word. Maar nou weet ons en ons ervaar dit in ons eie lewe dat daardie band met God kan losser word.

So het dit gebeur met Juda in die tyd van die profeet Jeremia. Die volk het weggedryf van God af. God laat egter nie maar sy volk los nie. Hy praat deur die natuur tot sy volk. God sluit die sluise van die hemel en daar kom 'n vreeslike droogte in die land. En die volk sien God se hand in die natuurgebeure. Die God wat hulle terugroep. So bly God sy volk, sy kind van die verkeerde weë terugroep.

Deur siekte, teenslae, die dood, spreek God tot ons. Moenie dit afmaak as dinge wat maar net met jou gebeur nie. Hoor God se stem en luister as God jou terugroep na Hom toe. Ons moet ons elke dag tot God bekeer. God wil dit hê. Jesus wys in verskillende gelykenisse op God se opsoekende liefde: Die verlore skaap word gesoek en teruggebring na die kudde toe.

So kosbaar is elkeen van ons in die oë van God. God het sy geliefde Seun die dure prys laat betaal aan die kruis sodat ons sy kinders kan wees en elke dag die warme intieme gemeenskap met Hom kan hê.

Dis die wonder van God se liefde en genade in Christus. Hy laat ons nie los nie. Hy bly roep en werk deur sy Heilige Gees in ons. Hy wil ons Vader wees deur Jesus Christus.

Sing: Psalm 95:4 (1936)

Ds AZ Pelser (Emeritus)